GOEIE NUUS

NG Gemeente Meyerspark

Desember 2019/Januarie 2020 - Jaargang 16 Uitgawe 11

Kersfees 2019
Wie is die Kind? - Ds Louis Brittz

Wanneer ons aan Kersfees dink, dink ons onwillekeurig aan die prentjies waarmee ons grootgeword het: 'n Klein hulpelose babatjie met rooi wangetjies wat op die strooi in 'n voerbak lê en skop. Lieftallig. Hulpeloos. Dis 'n toneeltjie wat elke kind laat glimlag en elke moederhart roer.

Maar dalk moet ons tog weer 'n slag gaan stilstaan en vra: Wie is hierdie Kindjie nou eintlik? Net nog 'n mens, al is dit ook 'n goeie opofferende liefdevolle mens?

Wanneer Maria in Lukas 1 vir die engel sê sy kan mos nie swanger raak nie, want sy het nog nooit omgang met 'n man gehad nie, antwoord die engel in 1:35:

"Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God."

En Matteus 1:23 haal Jesaja aan wat voorspel het:

"Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem." Die naam beteken God by ons."

Johannes se Evangelie het wel nie 'n geboorteverhaal nie, maar praat in hoofstuk 1 van Jesus as die Woord. Sy eerste sinnetjie is:

In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.

As ons verder onthou dat hierdie Kind grootgeword en talle wonderwerke gedoen het, vir ons van die geheimenisse oor God en Sy Koninkryk kom openbaar het, en vir ons die ewige lewe kom bewerkstellig het, verstaan jy dat Kersfees ten diepste gaan oor die grootste wonder wat ooit kon gebeur: die groot almagtige God van hemel en aarde het Homself so verneder dat 'n deel van Homself 'n hulpelose mensie geword het om uiteindelik hulpelose mense tot kinders van God te maak.

En dan stap ons die nuwe jaar in met hierdie heerlike wete van die onbegryplike liefde van God vir ons, in die sekerheid van Romeine 8:32:

Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

Mag God wat vir jou mens geword het, deur die feestyd en elke dag van 2020 met jou wees!

Kersgroete

Die redaksie van die Goeie Nuus wens al ons lesers 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige nuwe jaar toe.

Erediensteye tydens vakansie

Let op die volgende spesiale reëlings:

Woensdag 25 Des: Erediense om 08:00 en 09:30
Ds Izak Liebenberg

Sondag 29 Des: Erediens om 09:00
Wihan Rossouw

Dinsdag 31 Des: Oujaar/Nuwe jaardiens om 18:30
Ds Louis Brittz

Gebedsgeleenthede tydens eredienste in November

Gedurende November het ons die volgende lande aan die Here opgedra in die Gebedsvoorlesings tydens eredienste:

- Ukraïne
- Libanon

Ukraïne was voorheen deel van die ou USSR (Unie van Sowiet Sosialistiese Republieke) en het in 1991 onafhanklik geword na die val van die USSR. Die land is in Oos-Europa geleë en ongeveer die helfte so groot soos Suid-Afrika, met ‘n bevolking van 42 miljoen en word al sedert 32 000 Voor Christus bewoon.

Die land is saam met Moldovië die armste land in Europa in terme van per capita inkomste en is een van die wêreld se grootste uitvoerders van graanprodukte, maar gaan nogtans gebuk onder uiterste armoede en korrupsie. In 2013 het ‘n periode van betogings en opstande in Ukraine uitgebreek en in 2014 het dit gelei tot die omverwerping van die regering. In Maart 2014 het Rusland die Krim-skiereiland geannekseer en sedertdien bestaan daar spanning tussen Ukraïne en Rusland. Byna 82% van die bevolking is Christene, waarvan die oorgrote meerderheid lidmate van die Ortodokse Kerk en slegs 2% Protestante is. Onrusbarend is dat meer as 16% van die inwoners ateïste of ongelowiges is.

Libanon is ‘n republiek in die Midde-Ooste aangrensend aan die Middellandse See. Sy bure is Sirië en Israel. Die land is ongeveer die helfte so groot soos Gauteng, met ‘n bevolking van 6 miljoen.

Libanon is bekend uit die Ou Testament as die land vanwaar Koning Salomo sy hout gekry het vir die bou van die tempel en die gebied word al sedert 7,000 jaar voor Christus bewoon en was in Bybelse tye die tuiste van die Kanaaniete. Libanon was vanaf 1516 tot na die 1ste Wêreldoorlog deel van die Ottomaanse ryk en na die oorlog het Frankryk beheer van die gebied gekry. Die land het amptelik in 1946 onafhanklikheid gekry, maar is vanaf 1946 deur Sirië en ook vir ‘n tyd deur Israel beset tot 2005, toe Sirië finaal onttrek het. Libanon ly onder geweldige skuldvlakke en benodig voortdurende Internasionale bystand. Die belangrikste ekonomiese bedrywighede is bankdienste en landbou. Die meerderheid Libanese is Moslems (sowat 60% van die bevolking), maar 40% is Christene, waarvan die meeste Rooms Katoliek en slegs 1% Protestante is. Die land is tans redelik vreedsaam, alhoewel dit 'n gewelddadige verlede het, met gewelddadige burgeroorloë, onder andere die berugte Honderdae Oorlog tussen die PLO (Palestinian Liberation Organization) en die Christene, met berugte name soos Jasser Arafat. Baie burgerlikes is tydens hierdie oorloë om die lewe gebring. Die Bybel verleen sy naam van een van die stede in Libanon, by name Byblos. “Byblos” is die Griekse woord vir “boek”.

- Bid vir die Christene in Ukraine en bid dat hulle deur hulle voorbeeld ‘n navolgingwaardige voorbeeld vir die toenemende getal ongelowiges en ateïste in die land sal stel.
- Bid vir die Christene in Libanon, wat ‘n minderheid in die land vorm, en bid dat hulle deur hulle invloed, ‘n voorbeeld sal stel om die gevolge van ‘n geweldadige verlede te laat kwyn.
- Bid ernstig vir uitkoms in dele van ons land waar die langdurige droogte krisisafmetings bereik het. Dank die Here vir goeie reën in ander dele van ons land.
- Bid ernstig vir goeie besluite deur leiers en lidmate oor die toekoms van ons gemeente en dra die fasiliteringsproses wat vir 2020 beplan word aan die Here op. Bid dat alleen Sy Wil en Sy Verheerliking in dié verband vooropgestel sal word.

Warmhartige dankie! - Sunet van den Berg

Die Bereikbediening het gedurende Mei gemeentelede versoek om skoonmaakmiddels en A4 drukkerpapier by te dra vir Pennies Kleuterskool. 'n Groot, DANKIE aan almal wat met oop harte bygedra het. Ons kon twee keer produkte by die kleuterskool gaan aflewer. Skoolhoof, Regina Motau, het glimlaggend gesê: *"Paper is like gold to us";* en het bevestig dat elke bydra opreg waadeer word.

Wie is Pennies? Pennies Kleuterskool (PTA Middestad) en Sun Sparrows Preschool (Sunnyside) vorm deel van **PEN (Pretoria Evangelisering en Nasorg)**, 'n organisasie wat in 1992, onder die NG Kerk van Pretoria gestig is. PEN se droom is om verandering, koestering en genesing van gemeenskappe in die Pretoria Middestad te bring. PEN se toegewyde span, van ongeveer 175 voltydse personeel, werk aktief om verhoudings met middestad gemeenskappe te bou en so God se Koninkryk te laat kom in die hart van ons stad. Dit sluit kinders, tieners, senior burgers, ouers, studente, sterwendes, haweloses, sekswerkers en dwelmverslaafdes in.

Wat gebeur tans by Pennies: Pennies het die 8ste November hul jaareind konsert by Bosmanstraat Kerk gehad. Ouers het opgewonde gehelp om kinders aan te ry en mooi te maak vir die geleentheid. Daar word ook ywerig beplan aan volgende jaar se program.

Hanneke Claassen, jare lank die skoolhoof by Pennies, het oorgeskuif na PEN se Sun Sparrows Preschool. In Oktober het Regina Motau by haar oorgeneem as Pennies se nuwe skoolhoof. Regina het begin as onderwyseres en later onderhoof, voordat sy by Hanneke oorgeneem het. Ons wens Hanneke, Regina en hulle passievolle personeel God se wysheid, liefde en seën toe vir 2020.

Besoek gerus die PEN webtuiste **www.pen.org.za** vir meer inligting oor hulle verskillende projekte of kontak **Sunet van den Berg 083 4621 799**

Huis in orde kry - Jaco Thom

"Don't put it down. Put it away," hoor ek my ma vanoggend weer in my gedagtes toe ek in my deurmekaar studeerkamer instap. Sy het dit dikwels gesê toe ek nog in die huis was. Pleks ek beter geluister het …

Nog 'n ding wat my ma ook gesê het, is dat dit goed was dat sy en Pa elke ses jaar of so moes trek, want dit het gehelp dat hulle elke paar jaar gedwing was om van al die onnodige opgegaarde goed ontslae moes raak. En toe, ná meer as 27 jaar in dieselfde huis, moes ons trek. Ek wil nie meer dink aan al die rommel wat weggery en weggegooi is nie. Daar is nou nog, meer as 'n halfjaar later, bokse vol boeke wat in my studeerkamer staan.

Ai, die klotter ...

Ons weet almal dat 'n mens jou goed minder behoort te maak, ontslae moet raak van die klotter, maar ai, dis makliker gesê as gedaan. Ek is nie 'n ou wat maklik iets weggooi nie, en buitendien beteken dit jy moet tyd maak om dit te doen. Daar was ongelukkig nie (soos vir die arm skoenmaker) elfies wat, toe ek een mooi dag wakker word, die huis vir ons netjies en aan die kant gemaak het nie. Ek moes dit self doen. Ek moes elke onnodige boek en tydskrif, elke ekstra skroef en kartondoos vat en uitgooi. En al die ornamente wat eens op 'n tyd vir ons mooi was, maar later net in die pad gestaan het.

Ek het 'n idee dit gaan in die kerk in die breë, en in party gemeentes, ook so. Ongemerk het

(Vervolg bl 4)

Huis in orde kry *(Vervolg bl 3)*

ons ons gemeentelike lewe al voller gemaak. Gemeentes se kalenders is volgeprop met programme en fondsinsamelings en aktiwiteite. Almal is lekker besig, en glo dis wat dit beteken om kerk te wees. Die talle programme en seminare en projekte is nie nonsens nie. Maar ongemerk het ons die primêre fokus op Christus verloor.

Geestelike rommel

Waaroor gaan die debat in die kerk tans? Oor die gays en gender kwessies, nie oor navolging van ons Here nie. Nie oor die krisis dat talle lidmate (en predikante!) nie meer by die Bybel as hoogste gesag leef nie, en dit nie meer lees en ken nie. Die rommel in die kerk is besig om ons te verswelg, en dit lyk my nie ons besef dit nie. Tot op 'n dag dat jy effens terug staan en verslae na die kerk kyk en jouself afvra: Is dít die kerk? Hoe op dees aarde het ons hier beland?

Die erediens het ’n skouspel geword: die sang is dikwels nie meer gemeentesang nie, maar ’n musiekbedieningsgroep wat hulle eie ding doen, terwyl die gemeentelede staan en toekyk, oorweldig deur die stroom klank uit groot luidsprekers. Party kerke is lank nie meer kerke nie, maar ouditoriums met kolligte en al, waar die kerkbanke met teatersitplekke vervang is, die preekstoel uitgegooi is ten gunste van ’n verhoog vir die “band”, en die orrel óf verkoop is, óf in onbruik verval het en stof vergaar. Preke moet ook skouspelagtig wees, “fun and great”, soos ’n jong dominee my vertel, en die vermaaklikheidswaarde word verhoog met talle videogrepe en memes.

Waar is Jesus?

Tussen al dié geestelike rommel deur moet lidmate sukkel om iewers tog die pad agter Jesus aan te vind. Ek wonder of Hy nog tuis is in die kerk. Want ek het Hom leer ken as die Messias, sonder prag en praal, sonder fieterjasies, wat op ’n donkie, nie ’n strydros nie, die stad inry vir sy kroning op Golgota; wat die tempel gereinig het van al die rommel wat mense se fokus van God aftrek; wat gesê het (Markus 8:34) as iemand agter Hom aan wil kom, hy homself moet verloën, sy kruis opneem en Hom volg. Ek hoor niks van “fun and great” en besigwees nie. Ek hoor van nederigheid, van wegkyk van jouself, van fokus op Jesus, van saam met Hom Golgota uitbeur.

Dit is baie interessant dat God die kerk wegvoer na die woestyn, na die eenvoud van gestroop wees van luukses en klatergoud, om haar te beskerm teen die lis van Satan (lees gerus weer Openbaring 12, veral vers 14). En in Amos 5:23, 24 sê Hy: *“Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie! Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos ’n standhoudende stroom."*

Ek dink die kerk is in die moeilikheid, verlei deur sosiale media en die moderne kultuur waar alles om jouself draai en om jou plesier. Die rommel (gemors?) is besig om ons te verswelg.

Bybelleesprogram - Desember 2019 **Genade onbeskryflik groot**

Ons nooi alle lidmate om deel te neem aan ons Bybelleesprogram om elke dag die teks te lees vir die spesifieke dag.

Son	Maan	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
1	2	3	4	5	6	7
Eks 33:19	Eks 34:6-9	2 Kron 30:9	Ps 4:2	Ps 25:16-17	Ps 31:10	Ps 51:3
8	9	10	11	12	13	14
Ps 57:2	Ps 119:132	Ps 103:8	Ps 116:5	Ps 111:4-5	Joël 2:13	Luk 1:28-30
15	16	17	18	19	20	21
Joh 1:14	Hand 15:11	Rom 6:1-14	Rom 6:23	Rom 11:6	Rom 12:3	1 Kor 12:4
22	23	24	25	26	27	28
1 Kor 15:10	2 Kor 4:15	2 Kor 12:9	Ef 2:4-7	Ef 2:8-9	Ef 4:8-11	2 Tim 1:9
29	30	31				
Tit 2:11	1 Pet 1:13	1 Pet 4:10				